

Mikro Graad R Week 10 - Diere onder die Grond

Dag 1: 22 Junie		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	Skryf jou naam in die grond met jou vinger.	Kyk die video: Breinoefeninge Week 10 Jou tuin. Indien dit reën, ruil die aktiviteit met 'n ander dag sin.
Huistaal	Kyk die Kammaland video . Oefen jou robotletter nadat jy die video gekyk het. Skryf die g-klankie met jou vinger in die wasem op jou ruit. Rol lang wurms met jou klei (of gebruik wol / tou) en bou die g-klank. Dink aan iets wat met 'n g begin en bou dit met jou klei. Soek in die huis 5 goed wat met 'n g begin. Sit hulle in 'n ry neer. Sê vir mamma wat elkeen is en probeer 'n sin maak met elke item. Kyk vir jouself in die spieël. Sê nou hardop al die klankies wat jy sover in Kammaland geleer het. Hou	Kammaland video Tou, wol of klei Items in die huis Spieël

	jou mond mooi dop, kyk hoe die vorm van jou mond verander!	
Bespreking of Kreatief (LV)	<p>Wat weet jy van Diere onder die grond?</p> <p>Wat om te onthou van diere onder die grond:</p> <p>Gladde lyf.</p> <p>Swak sig.</p> <p>Het nie 'n ruggraat nie , kan maklik buig om te beweeg.</p> <p>Stadige metabolisme beteken dat dit lank vat vir kos om deur hulle lyf te beweeg.</p> <p>Beskerm hulle self teen predatore , baie warm en koue weer.</p>	Dag 1 Bespreking video of PDF
Dag 2: 23 Junie		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	<p>Vind dit vinnig- kleure</p> <p>Ouer sê 'n kleur en leerder soek iets in die huis wat daardie kleur is so vinnig soos hy kan.</p>	Niks word benodig.
Wiskunde	<p><u>Hersien leerareas deel 2</u></p> <p>Dae van die week – vandag, môre en gister</p> <p>Meer as en minder as en ewe veel (herhaal so 5 keer)</p>	<p>Hersien leerareas deel 2</p> <p>Indien u nie die video gebruik nie en slegs die rooster se uitleg. Hou 2 dobbelstene byderhand.</p>

- Gooi twee dobbelstene gelyktydig en verduidelik watter getal is die meeste, watter getal is die minste en as jy gelukkig is, is die getalle ewe veel?
- Indien die leerder uitgedaag wil word moet hy ook kan verduidelik met hoeveel is die een dobbelsteen meer of minder as die tweede dobbelsteen.

Rangorde voorbeeld vrae indien u slegs die rooster se uitleg gebruik i.p.v die video. Teken dan die volgende vir die leerder soos jy die vrae vra. U kan die antwoorde dan self bepaal.

- Watter insek vlieg derde oor die muur?
- In watter posisie stap die lieweheersbesie oor die muur?
- Watter insek spring eerste op die muur?
- Watter insek loop vyfde oor die muur?
- In watter posisie vlieg die by oor die muur?

Woordprobleme

- Op 'n warm dag vlieg daar 6 vlieë rond. Mamma gaan haal die vlieëplak en slaan 2 vlieë dood. Hoeveel vlieë vlieg nog rond?

Die leerder kan tellers (klippies, doppies, stokkies) gebruik om die woordprobleme op te los.

	<ul style="list-style-type: none"> • Elke oggend vladder daar 6 skoenlappers verby. Vanoggend was daar net 3 skoenlappers. Hoeveel skoenlappers moet nog verby vlieg? • Daar is 6 werkersbye, maar net 3 blomme. Hoeveel meer bye is daar as blomme? • Vandag is vullisdag en die dromme loop oor. Daar loop 6 kokkerotte om die drom. Daar kom nog 3 by. Hoveel loop nou daar rond? • As daar 6 muskiete in die aand rond vlieg en elkeen byt jou een keer op die arm. Hoeveel bytplekke gaan op jou arm wees? 	
--	---	--

Dag 3: 24 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	Vind dit vinnig- klanke Ouer noem 'n klank en leerder soek iets in die huis wat met daardie klank begin.	
Huistaal	Luister na die storie: Die ruspe wat so honger was video of Die ruspe wat so honger was PDF . Beantwoord nou die vragies aan die einde van die video. Vertel nou vanaand vir mamma die storie vir 'n slaapydstorie. Mamma mag jou help as jy vergeet.	Die ruspe wat so honger was video of Die ruspe wat so honger was PDF

Bespreking of Kreatief (LV)	Miere: Eienskappe, liggaamsbou, interessante feite. Erdwurms: Eienskappe, liggaamsbou, interessante feite.	Dag 3 Bespreking video of PDF
Dag 4: 25 Junie		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	Diere-oefeninge: Seil soos 'n slang. Marseer soos 'n mier. Klim soos 'n spinnekop. Grawe soos 'n mol.	
Wiskunde (verryking – opsioneel indien data 'n probleem is)	<p>1. <u>Patrone (23 selfregulerende vrae)</u> Hierdie speletjie is selfoon, tablet en rekenaar vriendelik. Die doel van hierdie speletjie is om te kyk na die gegewe patroon, die patroon te bestudeer en uit te brei deur slegs een van die volgende vorms/ kleure te kies.</p> <p>Wanneer u op die skakel gedruk het, volg die volgende stappe: <u>Stap 1:</u> Enter game pin: 0162547</p>	Hierdie speletjie is ekstra oefening om die konsep van patrone baas te raak. https://kahoot.it/

Stap 2: Enter nickname: Leerder se naam EN (1 of 2 of 3 of 4 agteraan)

Die getal agteraan wys in wie se klas die leerder is.

- Juffrou Janneke – 1
- Juffrou Anél – 2
- Juffrou Danike – 3
- Juffrou Kara – 4

bv. Danike3

Stap 3: Geniet die kompetisie

2. Vorms (24 selfregulerende vrae)

Die doel van die speletjie is om die vorm te bestudeer en die prentjie of voorwerp wat dieselfde vorm het te identifiseer.

Wanneer u op die skakel gedruk het, volg die volgende stappe:

Stap 1: Enter game pin: 04936200

Stap 2: Enter nickname: Leerder se naam EN (1 of 2 of 3 of 4 agteraan)

Die getal agteraan wys in wie se klas die leerder is.

- Juffrou Janneke – 1
- Juffrou Anél – 2
- Juffrou Danike – 3

Hierdie speletjie is ekstra oefening om die konsep van vorms baas te raak.

<https://kahoot.it/>

	<p>- Juffrou Kara – 4 bv. Danike3</p> <p>Stap 3: Geniet die kompetisie</p> <p>Die leerder met die hoogste punte is die wenner! Die geheim is spoed!</p>	
--	--	--

Dag 5: 26 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	<p>Val weg!</p> <p>Speletjie met hande agter ore en klap op ander persoon se hande, hy/sy probeer dan wegruk.</p>	
Motoriek (LV)	<p><u>Take in en om die huis:</u></p> <p>Kyk hoeveel van die take jy op een dag gedoen kan kry.</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Maak self jou bed op. 2. Help vir mamma om skottelgoed af te droog. 3. Gee vir jul troeteldiere kos en water. 4. Tel jou speelgoed op en maak jou kamer netjies. 5. Help om die plante nat te maak. 6. Maak self 'n broodjie. 7. Vee oppervlaktes af. 8. Vou sokkies op. 	<p>Gooi die dobbelsteen PDF.</p> <p>Dobbelsteen / boksie met kolle op.</p>

	<p>9. Gooi self jou vuil wasgoed in die wasgoedmandjie.</p> <p>10. Help om die tafel te dek.</p> <p><u>Gooi die dobbelsteen:</u> Gooi 'n dobbelsteen 5 keer en doen die aktiwiteit. Indien jy nie 'n dobbelsteen het nie, is dit sommer maklik om een te maak. Gebruik 'n ou boksie en teken die kolle van 1 tot 6 aan elke kant.</p>	
<p>Bespreking of Kreatief (LV)</p>	<p>Molle: Eienskappe, liggaamsbou, interessante feite. Valdeurspinnekoppe Eienskappe, liggaamsbou, interessante feite.</p>	<p>Dag 5 Bespreking video of PDF Kyk die video: https://www.youtube.com/watch?v=ZH10Jps47U</p>
<p>Luister en Leer Tuisprogram</p>		
<p>Voltooi asb. Week 17.</p>		
<p>Ekstra (word sterk aanbeveel)</p>		
<p>COVID bespreking: Wat om die eerste dag terug te verwag. Kyk hierdie video soveel as wat jy kan, sodat jy gewoon kan raak aan die nuwe veranderinge.</p>		